



Onderwys en Sportontwikkeling

Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

Dept. van Onderwys en Sportontwikkeling

Dept. of Education and Sport Development

NOORDWESPROVINSIE

GRAAD 12

**AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL**

Vraestel 1

DATUM: 05 JUNIE 2017

Punte: 80

Tyd: 2 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 20 minute

AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A – LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: ARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord dan die vrae:

**ROOK beroof jou gesondheid en jou beursie****Die gevaar van rook**

1. Jaarliks sterf byna 6 miljoen mense wêreldwyd as gevolg van tabakgebruik. Teen 2030 behoort dit 8 miljoen te wees. 600 000 nie-rokers sterf ook jaarliks as gevolg van tweedehandse rook. Rook veroorsaak meer as 18 soorte kanker, soos longe, maag, blaas, pankreas, mond, neus, en stembande.

Het jy geweet?

2. Jong volwasseheid is die vatbaarste en mees kwesbare tydstip waarop met die gebruik van tabakprodukte begin word. Die rustende harttempo van jongmense wat rook, is baie vinniger as dié van sy maats wat NIE rook nie.

3. Langtermyngevolge van sulke jong rokers sluit in:

- Long- en maagkanker
- Beroerte
- Hartsiektes

4. Navorsing toon dat daar by jongmense 'n sterk verband is tussen aktiewe sigaretrook en nikotienverslawing, en ook tussen verminderde longfunksie, longgroei en asma.

Ekonomiese impak van tabak

5. Tabakgebruik kos ons ekonomie baie, as gevolg van duur gesondheidskoste en minder produktiwiteit. Dit vererger armoede, omdat mense minder spandeer op kos, opvoeding en gesondheidsorg. "Talle produkte word bemark wat miljoene mense voor hul tyd doodmaak, gesinne van voedsel en onderwys beroof en groot onkoste vir gesondheidsorg meebring," volgens Dr. Oleg Chestnov, Assistent- Direkteur-Generaal van die WGO.

Wat kos rook jou?

6. 'n Pakkie sigarette kos ongeveer R30. Dit is dieselfde as een pak appels of piesangs. As jy een pakkie per dag rook, kos dit R900 per maand, R11 000 per jaar! Die prys van 'n lekker vakansie... Kan jy jou sigaretgeld nie beter bestee nie?

7. Tabakgebruik is 'n bedreiging vir enige persoon, ongeag geslag, ouderdom, ras, kultuur en opvoeding. Dit veroorsaak verskillende soorte *kanker* en is verantwoordelik vir meer as 20% kankersterftes *wêreldwyd*. KANSA pleit vir die stop van enige tabakgebruik. Tabak kom in baie vorme voor en ALMAL is skadelik. "Mense dink net aan rook as mens van tabak praat, maar dis baie meer as dit. Selfs die gewilde *hubbly-bubbly* en *e-sigaret* is net so skadelik vir jou en vir ander om jou! Jy stel almal om jou bloot aan tweedehandse rook," sê KANSA se Gesondheids spesialis, Prof. Michael Herbst.

8. **Hookah** of **hubbly-bubbly** is gewild onder jonges, en net so gevaarlik! Die tabak is niks minder giftig nie en die water filtreer nie die giftige chemikalieë nie. Eintlik asem hul MEER tabakrook in as sigaretrokers, want 'n groter volume rook word per rooksessie ingeasem. Volgens die Wysigingswet op Tabakproduktebeheer MAG dit nie aan kinders onder 18 verkoop word nie.

9. **Elektroniese sigarette** is glo 'n gesonder plaasvervanger as jy wil ophou rook. Dit is egter nie bewys nie. Dit bevat steeds chemikalieë. Gebruik liever Kansa se e-Kick Butt program as jy wil ophou.

Wat is in jou rook?

10. Sigarette bevat ongeveer 1400 gevaarlike kankerveroorsakende chemikalieë, volgens die Internasionale Agentskap vir Kankernavorsing. Dit sluit o.a. in: Asetoon (verfverwyderaar), Ammoniak (toiletreiniger), Arseen (rottegif), Butaan (aanstekervloeistof), Koolstofmonoksied (uitlaatgas), Naftaleen (mottegif) en Fenol (ontsmettingsmiddel).

Tweedehandse rook is net so skadelik, want dit bevat 2 maal meer nikotien en teer per volume as ingeasemde rook, 3 maal meer bensopireen (wat KANKER veroorsaak), 5 maal meer koolstofmonoksied en 50 maal meer ammoniak.

Waarom ophou rook?

11. Jy sal die risiko van kanker verminder. Jy sal gesonder wees omdat jy beter sal asem haal. Jou hartklop en bloeddruk sal laer wees. Jy sal nie kortasem wees as jy loop nie. Jy sal hope meer energie hê. Jy kan langer leef omdat jy gesonder is. Jy sal 'n goeie rolmodel vir die jeug wees. Dit is jou REG om in 'n rookvrye omgewing te wees. Wetgewing bepaal duidelik waar gerook MAG word. Jy mag kla as rokers dit nie nakom nie. Volwassenes mag nie in motors met kinders onder twaalf in, rook nie. Geen persoon onder agtien mag in 'n toegelate rokersarea wees nie.

MAAK 'N INTELLIGENTE KEUSE: HOU OP ROOK! OF: MOENIE BEGIN NIE!

(www.cansa.org.za 2 Mei 2017)

VRAE:

- 1.1 Verduidelik die betekenis van die titel. (2)
- 1.2 Waarom is rook so gevaarlik? (1)
- 1.3 Noem TWEE soorte kanker wat jy kan kry as jy rook? (2)
- 1.4 Waarom dink jy, is dit meestal **jongmense** wat begin rook? (par 2)
Noem TWEE feite. (2)
- 1.5 Wat verstaan jy onder “tweedehandse” rook? (2)
- 1.6 Wie word almal benadeel deur rook? (2)
- 1.7 *Daar is 'n sterk verband tussen aktiewe sigareetrook en nikotienverslawing.*
- 1.7.1 Is die bogenoemde 'n FEIT / MENING? (1)
- 1.7.2 Haal slegs EEN woord uit die volledige sin in par. 4 aan om jou antwoord te motiveer. (1)
- 1.8 Die onderstaande stelling is ONWAAR. Motiveer.
Dit is glad nie so gevaarlik om te rook as jy ouer is nie. (1)
- 1.9 Stem jy saam met die skrywer se siening dat rook 'n duur uitgawe is?
Gee 'n bewys uit par 6 om te motiveer. (1)
- 1.10 Noem TWEE ander vorme van tabakgebruik. (2)
- 1.11 Gee EEN rede waarom die *hubbly-bubbly* gevaarliker as sigarette is. (1)
- 1.12 Vanaf watter ouderdom mag kinders hubby-bubbly produkte koop? (1)
- 1.13 Wat is 'n beter alternatief vir die e-sigaret? (1)
- 1.14 Watter verband is daar tussen paragraaf 10 en die titel? (1)
- 1.15 Op watter wyse word ons as landsburgers beskerm teen die gevare van rook? (1)
- 1.16 Wat is die STYL waarin die stuk geskryf is? Kies EEN van die volgende:
- A Humoristies
B Simpatiek
C Oorredend
D Sarkasties (1)
- 1.17 Dink jy die teks slaag in die doel waarvoor dit geskryf is? Motiveer. (1)

TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae:



- 1.18 Die man in die advertensie glimlag breed. Wat maak hom so gelukkig?
Noem 2 dinge. (2)
- 1.19 Verduidelik hoe MANS sowel as VROUE in hierdie advertensie
GESTEREOTIPEER word. (2)
- 1.20 Watter tipe TAAL word gebruik in die advertensie? Kies EEN, skryf slegs die
letter by die vraagnommer, bv 1.20 A. (1)
- A: Grapperige taal
- B: Manipulerende taal
- C: Ernstige taal
- D: Spottende taal
- 1.21 Dink jy hierdie advertensie is opvoedkundig? Motiveer. (1)

[6]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B – OPSOMMING**VRAAG 2****TEKS C**

In die artikel word die voordele van ophou rook bespreek . Lees die teks aandagtig deur. Voer dan die instruksies uit.

INSTRUKSIES:

1. Som die VOORDELE van ophou rook in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die regte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

HOU OP ROOK!

1 Wanneer jy ophou rook, verminder die risiko van hartsiektes binne een jaar. EEN verandering, en jy het 50% minder kans om 'n hartaanval te kry. Jou kans is die helfte minder om dood te gaan.

2 Rook laat jou ouer lyk as wat jy werklik is. Dit veroorsaak "oumensvlekke" op jou hande. Rokers se tande is ook geel gevlek . Wanneer jy ophou rook, vertraag jy die onnatuurlike verouderingsproses en lyk langer jonk.

3 Het jy geweet rook het 'n invloed op hoe kos proe? Nikotien pak nie net in jou longe saam nie, dit pak ook aan op jou tong en belemmer jou smaakmeganisme. As jy ophou rook, kan jy weer proe hoe lekker jou kos werklik is.

4 Wanneer jy sigarette uit jou lewe verwyder, respekteer jy ook jou medemens. Jy stel nie meer hulle gesondheid in gevaar met jou tweedehandse rook nie. Baie mense sterf aan longkanker weens die rookgewoonte van ander.

5 Navorsing het ook bewys dat nie-rokers meer vrugbaar is as rokers. Swanger vroue wat nie rook nie, se kans vir 'n miskraam is heelwat kleiner as die van rokende mammas.

6 Nes jou smaaksintuig, word jou reukvermoë ook aangetas. Terwyl jy rook, word jou reuk so aangetas dat jy nie altyd al die lekker geure om jou kan ruik nie. As jy ophou met die gewoonte, sal jou reukvermoë geleidelik herstel.

7 In die proses sal jy natuurlik 'n fortuin spaar ook! Dit is nooit te laat – of te vroeg – om op te hou rook nie. Jy sal die voordele egter net kan geniet indien jy wel ophou. Vir baie mense is die keuse om op te hou rook 'n moeilike een.

(www.afrikaans.stopsmoke.co.za)



[10]

AFDELING C: TAALSTRUKTURE- EN KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.

1 

Bel nou vir
versekering
waarop jy
verlief
kan raak!

2 **Ons is lief vir Afrikaans en dit wys!**

3 As dit kom by ons taal, het Virseker die skoot hoog
deur. Dis dié dat ons diens 100% Afrikaans is – ons
blitsige kwotasies, maklike eise en kwaliteit
produkte word alles in Afrikaans gebied. En omdat ons
glo in gemoedsrus en waarde vir geld bied ons ook
allerlei ekstras, soos gratis 24 uur per dag:

4 • Huisbystand • Mediese bystand • Padbystand • Regsbystand • Traumabystand

5 Boonop skenk ons 'n gedeelte van alle premies aan die Virseker Trust
vir die opleiding van Afrikaanssprekendes en die voortbestaan van
Afrikaans.

6 Kontak ons vandag nog vir 'n uitstekende, persoonlike diens:

7 Skakel 0860 00 77 46,
besoek www.virseker.co.za
of teks* "Virseker" na 43934
en ons sal jou terugskakel.

virseker

* Standaardtekstariewe geld

Jou versekering. Jou mense. Jou taal

(Taalgenoot Mei 2016)

VRAE:

- 3.1 Hoe, dink jy, trek die advertensie die leser se aandag? (1)
- 3.2 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:
"Ons is lief vir Afrikaans en dit wys!" (1)
- 3.3.1 Wat is die betekenis van "...het die skoot hoog deur"? (1)
- 3.3.2 Bogenoemde is 'n voorbeeld van (denotasie/konnotasie). (1)

- 3.4 Gebruik die HOMONIEM van “*verlief kan raak*” in ’n volsin sodat dit ’n ander betekenis het. (1)
- 3.5 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF (te/om te):
“*Ons skenk ’n gedeelte aan die Trust.*”
Begin so: *Ons probeer* (1)
- 3.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A - D) neer:
“*premie*” beteken:
A: bedrag wat maandeliks betaal word
B: president van ’n land
C : gedeelte van ’n Trust
D: taal wat gepraat word (1)
- 3.7 Gee die ANTONIEM (teenoorgestelde) van die vetgedrukte woord:
“*maklike*” eise. (1)
- 3.8 Gee die VERKLEININGSVORM van “*versekering*”. (1)
- 3.9 Gee die MEERVOUD van “*mens*”. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT TEKS E

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.



[Taalgenoot November '15]

- 4.1 Waarom word daar soveel uitroeptekens in raampie 1 gebruik? (1)
- 4.2 Hoe sluit die woord "**etnies**" by tant Minnie se uitrusting aan? (1)
- 4.3 Skryf "**Ek's mal oor jou klere!**" oor in die indirekte rede. (raampie 1)
Begin so: Sy sê dat (2)
- 4.4 Waar, dink jy, werk 'n **bankier**? (1)
- 4.5 Wat sê die tante se lyftaal in raampie 7? (1)

- 4.6 Die woordjie **“GMPF..!”** sê duidelik hoe tant Minnie voel. Watter woordsoort is dit? Kies die korrekte antwoord en skryf die letter by die vraagnommer neer (bv. 4.6 A-D):
- A: Werkwoord
 B: Tussenwerpsel
 C: Selfstandige naamwoord
 D: Lidwoord (1)
- 4.7 Vervang **“date”** in raampie 2 met 'n Afrikaanse woord. (1)
- 4.8 Van watter woord is **“gedog”** afgelei? (1)
- 4.9 Skryf die sin in raampie 8 oor en maak die LEESTEKENFOUT reg. (1)
- [10]**

VRAAG 5.1**PROSA****TEKS F**

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg:

Met 'n vol (5.1.1) mag/maag skryf antie Louise se matriekleerders.

(5.1.2) Louise Hendricks se seun was in 2014 in 'n skoolkoshuis in Beaufort Wes. Sy het gewens sy was (5.1.3) verder aan hom. Sy wou hom (5.1.4) in die oggend met 'n groot ontbyt bederf voordat hy sy matriekeksamen skryf.


(5.1.5) Dan het die ma van Delft op die Kaapse Vlakte besluit om behoeftige kinders van die Hoërskool Voorbrug voor elke matriekvraestel te bederf.

Die eerste matrieks was (5.1.6) (haar/hom) dogter, Lauren, en ses maats. Die volgende jaar was daar 20 matrikulante en die jaar daarna was daar (5.1.7) **40**.

Louise-hulle begin al (5.1.8) (te/om) 5:30 die tafels dek. Hulle bedien (5.1.9) (aan netjiese gedekte tafels / 'n voedsame ontbyt / elke dag.)

Toe die matrieks (5.1.10) Donderdag daar aankom, was daar blomme op die tafel en mooi servette in die (5.1.11) koeldrankglas. (5.1.12) Teen die muur het 'n vrolike banier gehang. Hierop was die woorde: *Matriek 2016*.

Die matrieks was baie dankbaar. (5.1.13) Die ete maak ons kalm sê Bronwyn Roman.



(Klasgids April 2016)

Vrae:

- 5.1.1 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi. (1)
- 5.1.2 Verbeter die spelfout in die sin. (1)
- 5.1.3 Gee die ANTONIEM (teenoorgestelde) van die onderstreepte woord. (1)
- 5.1.4 Gee EEN WOORD vir die onderstreepte sinsdeel. (1)
- 5.1.5 Verbeter die TAALFOUT in die sin. Skryf die hele sin neer. (1)
- 5.1.6 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD. (1)
- 5.1.7 Skryf die onderstreepte GETAL voluit. (1)
- 5.1.8 Kies die gepaste VOORSETSEL. (1)
- 5.1.9 Skryf die hele sin oor met die korrekte VOLGORDE. (1)
- 5.1.10 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte word neer. (1)
- 5.1.11 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord. (1)
- 5.1.12 Skryf die sin oor en begin met die onderstreepte ONDERWERP:
“Teen die muur het 'n vrolike banier gehang.” (1)
- 5.1.13 Skryf die sin oor met die nodige LEESTEKENS. (direkte rede) (1)
- 5.1.14 Waarom word die vrou **antie** in plaas van **tannie** genoem? (1)

[14]

VRAAG 5.2

PRENT

TEKS G

Bestudeer die strokie en beantwoord dan die vrae:

Calvin en Hobbes - Bill watterson

1. Wil jy iets vra, Calvin?
 Ja, Juffrou. Hoe laat verdaag die skool? Ek skryf baie. My boek is vol geskryf? Ek is baie moeg.

2. Leer ek die regte vaardighede aan om na skool aan die tawwe ekonomie deel te neem? Ek wil eendag 'n groot salaris verdien.

3. In daardie geval moet jy harder leer, Calvin.

4. Vergeet daarvan.

Bron: Internet (Vrylik vertaal)

- 5.2.1 Skryf die sin “**Wil jy iets vra?**” (raampie 1) in die INDIREKTE REDE
 Begin só: Juffrou vra vir Calvin of ...

(1)

- 5.2.2 Skryf in die BEDRYWENDE VORM
“**My boek is vol geskryf.**” (raampie 1) (1)
Begin so: Ek.....
- 5.2.3 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM: (1)
“**Vergeet daarvan**”.
- 5.2.4. Verander die stelsin na 'n VRAAGSIN sodat die vetgedrukte woord die antwoord is. (1)
Ek **skryf**. (raampie 1)
- 5.2.5 Skryf die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord neer. (1)
Ek is baie **moeg**. (raampie 1)
- 5.2.6 Skryf die oortreffende trap van die woord tussen hakies: (1)
Calvin leer die (**hard**) in sy klas.

[6]**GROOTTOTAAL: 80**